# Uitkeerplan

# Planbeskrywing

Die plan is 'n versekeringspolis soos beskryf onder, en gereguleer deur die Langtermynversekeringswet, 1998 en die Versekeringswet, 2017, en is uitgereik onder die versekeringslisensie van Sanlam Developing Markets Limited (Sanlam Developing Markets). Die plan is 'n kontrak tussen die planhouer en ons, Sanlam Developing Markets. Ons het Sanlam Lewensversekering Beperk (Sanlam Lewens) gekontrakteer om alle administratiewe aangeleenthede namens ons te hanteer.

Die kontrak bestaan uit die volgende:

- die kwotasie;
- die aansoek om die plan;
- hierdie planbeskrywing, PLE-A05-01, soos van tyd tot tyd bygewerk, en beskikbaar op die Sanlam webruimte by http://www.sanlam.co.za;
- die staat, soos van tyd tot tyd bygewerk;
- ander dokumente, korrespondensie en inligting, indien enige, wat by implikasie deel van die kontrak vorm.

Ons sal die planbeskrywing en staat bywerk om wysigings te weerspieël

- in administrasieprosedures, byvoorbeeld hoe eenheidspryse bepaal word en waar inligting oor beleggingsfondse gekry kan word;
- in heffings, insluitend die fooie wat deur die batebestuurders gehef word;
- wat deur eksterne faktore vereis word, byvoorbeeld wetgewing, of die interpretasie daarvan.

Hierdie planbeskrywing moet tesame met die staat wat die planhouer ontvang, gelees word. Alle inligting wat op 'n spesifieke plan van toepassing is, word in die staat vir daardie plan uiteengesit. As daar enige teenstrydigheid tussen die inhoud van hierdie planbeskrywing en 'n staat vir 'n plan is, sal die voorwaardes van die staat geld.

---

## Verduidelikings

### Opsiedatum
Dit is die datum wat die einde van die termyn aandui, en word in die staat aangedui.

### Oop termyn
Na die gekose termyn verstryk het, word die termyn van die plan as oop beskou. Dit beteken dat die fondswaarde nie outomaties uitbetaal sal word na die gekose termyn verstryk het nie, maar dat die plan sal voortgaan tot dit beëindig word deur die planhouer, of deur ons as hierdie produk nie meer vir nuweversekering beskikbaar is nie. In laasgenoemde geval sal die planhouer van die verskillende keuses wat dan beskikbaar is, voorsien word.

### Wysigingheffingsdatum
Dit is die datum tot wanneer ons 'n wysigingsheffing vir sekere wysigings sal hef, en word in die staat aangedui.

### Werksdag
Dit is enige dag van die week van Maandag tot Vrydag, openbare vakansiedae uitgesluit.

---

## Betalings
Eenmalige betalings mag gemaak word, op voorwaarde dat dit deur wetgewing toegelaat word en nie minder is as ons minimum wat toegelaat word nie. As die transaksiedatum vir 'n betaling, soos in die staat aangedui, meer as een dag later as die betaaldatum is, sal ons die betaling aanpas om voorsiening te maak vir die vertraging vanaf die dag na die betaaldatum tot die transaksiedatum.

---

## Belegging
Ons belê 'n eenmalige betaling plus 'n addisionele toedeling, indien van toepassing, in die onderskeie gekose beleggingsfondse. Die addisionele toedeling hang af van die vlak van kommissie wat aan die begin beding is.

Inligting oor al die beleggingsfondse wat ons bied, is op die Sanlam webruimte by http://www.sanlam.co.za beskikbaar.

### Hoe en wanneer word die bedrag wat aan 'n spesifieke beleggingsfonds toegedeel is, belê?
Ons gebruik die bedrag wat aan 'n spesifieke beleggingsfonds toegedeel is om op die transaksiedatum eenhede in daardie beleggingsfonds te koop.

### Eenheidsprys
'n Eenheidsprys word daagliks in Suid-Afrikaanse geldeenheid bereken, op grond van die markwaarde van die bates in die beleggingsfonds.

Die volgende word in aanmerking geneem wanneer die eenheidsprys vir 'n spesifieke beleggingsfonds bereken word:

- belasting, soos in die toepaslike polishouerfonds gehef;
- die beleggingsadministrasieheffing;
- die fooie wat deur die batebestuurders gehef word.

Die eenheidsprys van 'n beleggingsfonds word nie gewaarborg nie, en mag mettertyd vermeerder of verminder, tensy dit spesifiek anders in die kontrak genoem word.

### Mag 'n beleggingsfonds gesluit word?
Ja. Dit kan byvoorbeeld gebeur as wetgewing verander of sekere klasse bates onbekombaar raak of dit na ons mening nie meer verstandig is om in die spesifieke beleggingsfonds te belê nie. As die plan geraak word, sal ons die planhouer versoek om 'n ander beleggingsfonds te kies wat in daardie stadium vir hierdie tipe plan toegelaat word, en om ons van die keuse in kennis te stel. As ons geen reaksie op sodanige versoek ontvang nie, sal ons besluit in watter beleggingsfonds om die deel van die plan wat geraak word te belê.

### Omskakeling van beleggingsfondse
Omskakeling van beleggingsfondse wat in daardie stadium vir hierdie tipe plan toegelaat word, mag op versoek gedoen word. Ons sal eenhede verkoop van die beleggingsfondse waaruit 'n omskakeling gedoen word, en sal eenhede koop van die beleggingsfondse waarnatoe 'n omskakeling gedoen word. Ons doen dit op die eerste werksdag na ontvangs van die omskakelingsversoek.

Toekomstige betalings mag toegedeel word aan enige beleggingsfonds wat vir hierdie tipe plan toegelaat word. Die betalings wat reeds aan die huidige beleggingsfondse toegedeel is, sal dan in hierdie beleggingsfondse bly.

### Koste om beleggingsfondse om te skakel

Daar is tans geen transaksieheffing vir die eerste vier omskakelings in 'n planjaar nie. Vir elke daaropvolgende omskakeling in 'n planjaar sal ons 'n transaksieheffing, wat in daardie stadium bepaal sal word, hef. Die huidige transaksieheffing word in die staat aangedui. Ons mag die aantal gratis omskakelings van tyd tot tyd verander.

### Verhandeling van bates

Ons mag die bates in die beleggingsfondse vir transaksies soos skriplenings gebruik. Enige inkomste of verlies voortspruitend uit hierdie transaksies, sal vir ons eie rekening wees, en sal dus nie die planvoordele raak nie.

---

## Fondswaarde

Die fondswaarde van 'n spesifieke beleggingsfonds is die aantal eenhede vermenigvuldig met die eenheidsprys vir daardie beleggingsfonds.

Die fondswaarde van die plan is die totale fondswaarde van al die beleggingsfondse vir daardie plan.

---

## Heffings

### Belasting

Belasting word gehef volgens die koers wat op die toepaslike polishouerfonds van toepassing is.

### Heffings vir die plan

Die huidige heffings word in die staat aangedui en kan een of meer van die volgende wees:

- 'n **Aanvanklike bemarkingsheffing**, indien van toepassing, wat van 'n eenmalige betaling afgetrek word.

- 'n Jaarlikse **beleggingsadministrasieheffing**, wat 'n persentasie van die fondswaarde is en vir verskillende beleggingsfondse mag verskil. Dit word in aanmerking geneem wanneer ons die daaglikse prys van die eenhede bereken.

- 'n Jaarlikse **advieshefﬁng**, indien van toepassing, wat 'n persentasie van die fondswaarde is, en afhang van die onderhandelde deurlopende kommissie. Hierdie heffing word op 'n maandelikse basis bereken, wat beteken dat dit deur 12 gedeel word. Die heffing word maandeliks van die fondswaarde afgetrek deur eenhede ter waarde van die heffing te verkoop.

- 'n Jaarlikse **veranderlike bemarkings-en-administrasieheffing**, wat 'n persentasie van die fondswaarde is. Hierdie heffing word op 'n maandelikse basis bereken, wat beteken dat dit deur 12 gedeel word. Die heffing word maandeliks van die fondswaarde afgetrek deur eenhede ter waarde van die heffing te verkoop.

### Aftrekkings wat deur die batebestuurders gemaak word
'n Batebestuurder hef fooie vir beleggingsnavorsing en vir die uitkies van die onderliggende bates van 'n beleggingsfonds. Hierdie fooie word in aanmerking geneem in die berekening van die daaglikse eenheidsprys van 'n beleggingsfonds. Die gepubliseerde prestasiesyfers van 'n beleggingsfonds is daarom na aftrekking van hierdie fooie. Meer inligting oor hierdie fooie en hulle huidige waardes is in die staat beskikbaar.

### Wysigingsheffing
'n Plan mag in enige stadium verander word, op voorwaarde dat ons met die wysiging saamstem. Ons sal 'n wysigingsheffing hef as die wysiging voor die wysigingheffingsdatum gedoen word. Die wysigingheffingsdatum word aan die begin bepaal en verander nie by daaropvolgende wysigings nie.

Die wysigingsheffing sal van die fondswaarde geneem word deur die nodige aantal eenhede te verkoop.

Die huidige wysigingsheffing vir die mees algemene wysigings word in die staat aangedui.

### Transaksieheffing
Buiten die bogenoemde wysigingsheffing sal ons 'n transaksieheffing vir elk van die volgende wysigings hef:

- Beëindiging van die plan;
- 'n Lening teen die plan;
- 'n Ad hoc-onttrekking op die plan.

Die bedrag van hierdie transaksieheffing word deur middel van regulatoriese maatreëls bepaal en dit sal in die toekoms verander as sodanige regulatoriese maatreëls of wetgewing verander.

Ons sal nie hierdie transaksieheffing op of na die opsiedatum hef nie.

Ons sal ook 'n transaksieheffing vir ander transaksies hef, soos in hierdie planbeskrywing genoem, en soos in die staat aangedui word. Hierdie transaksieheffing sal van tyd tot tyd verhoog word om vir inflasie, soos deur ons bepaal, voorsiening te maak.

Ons sal aanhou om 'n transaksieheffing na die wysigingheffingsdatum te hef.

Elke transaksieheffing sal van die fondswaarde geneem word deur die nodige aantal eenhede te verkoop.

---

## Beleggingsadviesooreenkoms tussen die planhouer en die tussenganger
Die planhouer mag ons versoek om 'n fondsgebaseerde fooi, BTW ingesluit indien van toepassing, vir deurlopende beleggingsadvies vir sy of haar belegging te betaal, maar slegs vanaf die opsiedatum. Ons sal hierdie fooi maandeliks betaal aan die tussenganger wat hierdie advies voorsien.

Hierdie beleggingsadvies is 'n diskresionêre diens wat voorsien word deur 'n tussenganger wat deur die planhouer aangewys is. Dit is nie deel van die tussengangerdienste waarvoor ons kommissie betaal nie.

Die fondsgebaseerde fooi vir die beleggingsadvies word as 'n persentasie per jaar van die fondswaarde gespesifiseer. Die planhouer moet die persentasie spesifiseer. Die fondsgebaseerde fooi word op 'n maandelikse basis bereken, wat beteken dat die gespesifiseerde persentasie deur 12 gedeel word. Dit word maandeliks deur middel van 'n onttrekking van die fondswaarde afgetrek. Omdat die fondsgebaseerde fooi op die fondswaarde gebaseer word, sal die randwaarde van die fooi wissel. Byvoorbeeld, 'n fondsgebaseerde fooi van 0.50% impliseer R41.67 per maand as die fondswaarde gelyk is aan R100 000.00.

Die huidige fondsgebaseerde fooi, indien van toepassing, word in die staat aangedui.

---

## Realisering van die planvoordele

Die planvoordele mag gerealiseer word op een van die maniere wat hieronder beskryf word. Om 'n voordeel te realiseer, sal ons eenhede verkoop op die dag waarop ons die versoek ontvang.

Wetgewende beperkings, soos in hierdie planbeskrywing genoem word, mag van toepassing wees.

### Beëindiging van die plan

'n Plan mag op versoek beëindig word. Die fondswaarde minus die wysigings- en transaksieheffing, indien van toepassing, sal aan die planhouer betaal word wanneer die plan beëindig word.

### 'n Lening teen die plan

Die planhouer mag twee maande na die begindatum aansoek doen om 'n lening teen die plan, mits daar voldoen word aan ons voorwaardes in daardie stadium.

Die voorwaardes is tans die volgende:

- Die leningsbedrag mag nie minder as 'n minimum bedrag wees nie.
- Die fondswaarde, minus die leningsbedrag en die wysigings- en transaksieheffing, indien van toepassing, mag nie minder as 'n minimum wees nie.
- Die leningsbedrag mag nie 'n sekere persentasie van die beëindigingswaarde oorskry nie.

Aangesien hierdie voorwaardes van tyd tot tyd sal verander, sal dit gekommunikeer word wanneer die planhouer om 'n lening aansoek doen.

Die dag waarop ons die versoek om 'n lening ontvang, sal ons 'n aantal eenhede, met 'n waarde gelyk aan die goedgekeurde leningsbedrag, na eenhede in die Stratus Leningsfonds vir planhouers omskakel. Hierdie fonds deel nie in enige groei nie.

Ons sal die berekening van die wysigingsheffing, indien van toepassing, grond op die vermindering in die fondswaarde as gevolg van die leningsbedrag en die transaksieheffing.

### 'n Ad hoc-onttrekking op die plan

Die planhouer mag 'n ad hoc-onttrekking op die plan maak, mits daar voldoen word aan ons voorwaardes wat in daardie stadium van toepassing is. Aangesien hierdie voorwaardes van tyd tot tyd sal verander, sal dit gekommunikeer word wanneer die planhouer om 'n ad hoc-onttrekking aansoek doen. Ons sal die nodige aantal eenhede verkoop om vir die wysigings- en transaksieheffing, indien van toepassing, en die onttrekkingsbedrag te betaal. Die fondswaarde sal verminder met die waarde van die eenhede wat verkoop is.

### Gereelde onttrekkings op die plan

Die planhouer mag aansoek doen om gereelde onttrekkings op die plan te maak, mits daar voldoen word aan ons voorwaardes wat in daardie stadium van toepassing is. Aangesien voorwaardes van tyd tot tyd sal verander, sal dit gekommunikeer word wanneer die planhouer om gereelde onttrekkings aansoek doen.

Die besonderhede van die gereelde onttrekkings sal in die staat aangedui word nadat ons die aansoek om gereelde onttrekkings aanvaar het.

Ons hef 'n transaksieheffing vir elke onttrekkingsbetaling wat gemaak word. Die heffing sal mettertyd wissel. Die huidige vlak word in die staat aangedui.

Ons sal die nodige aantal eenhede van die toepaslike beleggingsfondse eweredig aan die fondswaardes verkoop om die transaksieheffing en die onttrekkingsbedrag te betaal. Die fondswaarde sal verminder met die waarde van die eenhede wat verkoop is.

Ons sal die eenhede verkoop op die onttrekkingsdag wat versoek is. As 'n maand nie hierdie spesifieke dag het nie, of as dit nie op 'n werksdag val nie, sal ons die eenhede op die volgende werksdag verkoop. Ons sal die onttrekkingsbedrag so gou moontlik na die eenhede verkoop is, betaal.

Ons sal die gereelde onttrekkings staak wanneer dit nie aan ons voorwaardes voldoen nie.

---

## Wetgewende beperkings

Kragtens huidige wetgewing is 'n beperkte tydperk wat eindig op die beperkte tydperk se einddatum, soos in die staat aangedui, op die plan van toepassing.

As die planhouer tydens 'n beperkte tydperk die plan wil beëindig, mag ons nie meer by die beëindiging betaal as 'n bedrag wat volgens wetgewende beperkings bepaal word nie. As die beëindigingswaarde meer is as die bedrag beperk deur wetgewing, sal ons die beperkte bedrag as 'n ad hoc-onttrekking betaal. Die balans sal belê bly tot die beperkte tydperk se einddatum.

Slegs een ad hoc-onttrekking mag tydens 'n beperkte tydperk op die plan gemaak word. Die bedrag van so 'n ad hoc-onttrekking word beperk tot die bedrag soos hierbo bepaal. As 'n ad hoc-onttrekking tydens 'n beperkte tydperk gemaak is, sal nog 'n ad hoc-onttrekking nie voor die beperkte tydperk se einddatum toegelaat word nie.

Daarby mag ons slegs een lening tydens 'n beperkte tydperk teen die plan toestaan. Die bedrag van so 'n lening word ook beperk soos hierbo beskryf. As ons 'n lening tydens 'n beperkte tydperk toegestaan het, mag ons dit nie weer voor die beperkte tydperk se einddatum doen nie.

Gereelde onttrekkings op die plan mag slegs na die beperkte tydperk se einddatum gemaak word.

## Voordeel betaalbaar by dood

Die voordeelbedrag is gelyk aan die fondswaarde op die datum waarop ons kennis ontvang van die dood van die laaste oorlewende versekerde lewe.

Een of meer begunstigdes mag aangewys word om die voordeelbedrag te ontvang. 'n Begunstigde mag die aanwysing eers aanvaar of afwys na die dood van die laaste oorlewende versekerde lewe.

### Mag die aanwysing van 'n begunstigde verander word?

'n Aanwysing mag enige tyd bygevoeg, gekanselleer of verander word. Dit moet skriftelik en deur die planhouer onderteken wees, en moet die Sanlam Lewens hoofkantoor bereik voor die dood van die laaste oorlewende versekerde lewe.

### Kan die aanwysing verval?

Ja, dit sal verval as die plan algeheel sedeer word. As die plan as sydelingse sekuriteit sedeer word, sal die aanwysing nie verval nie, maar die regte van die sessionaris sal voorkeur geniet bo enige regte van 'n begunstigde.

## Benoemde om die nuwe planhouer te word

'n Persoon mag benoem word om na die dood van die planhouer die nuwe planhouer te word. Die benoemde mag 'n benoeming eers na die dood van die planhouer aanvaar of afwys.

As die benoemde nie die benoeming aanvaar nie, of as niemand benoem is nie, sal die plan 'n bate in die boedel van die planhouer wees.

### Mag die benoeming verander word?

'n Benoeming mag enige tyd bygevoeg, gekanselleer of verander word. Dit moet skriftelik en deur die planhouer onderteken wees, en moet die Sanlam Lewens hoofkantoor voor die dood van die planhouer bereik.

### Kan die benoeming verval?

Ja, dit sal verval as die plan sedeer word, hetsy algeheel of as sydelingse sekuriteit.

## Betalings

Alle betalings moet in Suid-Afrika in Suid-Afrikaanse geldeenheid gemaak word.

## Let asseblief op

- Die plan is onderworpe aan wetgewing en ons vereistes van tyd tot tyd.
- Ons bepaal die waardes, voordele en heffings van hierdie plan, en administreer die plan, volgens die aktuariële basis wat daarvoor goedgekeur is soos deur die Langtermynversekeringswet, 1998 vereis.
- Ons waarborg nie die prestasie van die gekose beleggingsfondse nie. Die waarde van die eenhede mag vermeerder of verminder, en prestasie van die verlede is geen waarborg vir toekomstige prestasie nie. Byvoorbeeld, die waarde van die bates in buitelandse geldeenhede mag wesenlik vermeerder of verminder as gevolg van veranderings in wisselkoerse.
- Ons sal enige bedrag wat die planhouer ons skuld, aftrek van enige bedrag wat ons aan die planhouer moet betaal.
- Ons sal slegs 'n eis vir betaling van 'n voordeel oorweeg nadat ons die inligting ontvang het wat ons vir hierdie doel mag vereis.

---